Ons sal soos Jesus wees: ‘n Boodskap vir vandag, oor die ewigheid, uit **1 Joh 3: 2 - 10**

***2**. Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. **3**. Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is. (1 Joh 3:2-3)*

Inleiding:
Daar is ‘n storie oor ‘n middeljarige man vanaf die platteland wat die eerste keer in sy lewe in die stad ‘n hysbak sien. Die klein kamertjie met die liggies bokant die deur fassineer hom, veral toe hy sien hoedat ‘n ouerige man, wat al swaar loop, daar instap, maar minute later gaan die deur oop en ‘n sterk jong man kom flink uitgeloop. Toe gaan ‘n middeljarige dame weer by die “klein kamertjie” in en ‘n paar minute later kom ‘n modieuse jongmeisie opgewek en vriendelik daaruit. “Boeta” roep hy toe sy seun, “gaan roep gou-gou vir Mamma!”

Verandering is aantreklik, as dit ons pas! Meestal verset ons ons egter daarteen, want dit lyk baie ongemaklik om al die aanpassings te maak, nuwe maniere baas te raak en te leer waardeer. Verandering, veral die soort wat van ons eis om nuut oor ons lewe te dink, skep vrees by mense. Die bekende lyk dikwels veiliger en wyser.

Tog gaan Christenskap egter grotendeels oor verandering. Die Bybel begin met die dramatiese veranderings wat God te weeg gebring het, toe Hy uit die chaos, ons wonderlike skepping tot stand gebring het. Na die sondeval, gaan die res van die Bybel oor die verandering wat nodig is om sondaarmense te red en die verlossing van die houvas van die sonde oor hulle lewe, nadat hulle van oordeel en verlorenheid gered is.

As ek vandag myself as ‘n Christen beskou, dan het daar alreeds belangrike veranderinge in my lewe plaasgevind. Vanaf ‘n gebore sondaar, het die Gees van God my, deur geloof, in een van God se kinders verander. Geleidelik moet ek nou ook meer soos my Verlosser leer dink, doen en voel. Uiteindelik wil God die verandering volkome maak, wanneer Jesus weer kom. Dit is die boodskap van die Bybel en van ons teks vandag.

ONS HET ALREEDS VERANDER
Voordat ons oor die finale verandering nadink, kom ons onthou eers dat ons alreeds verander het. Ons lees: “*Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God.* " Watter verandering, make-over of visie ons ookal vir die toekoms het, moet ons onthou dat die mees wesenlike verandering alreeds plaasgevind het. Ons was nie God se kinders nie, maar ons is dit nou!

Die Bybel leer nie dat alle mense kinders van God is nie. Almal word sondaars en as vyande gebore. As ons ons natuurlike neigings en voorkeure sou volg, is ons veel eerder kinders van die Duiwel as van die Here. Dit is ‘n sterk uitspraak, maar nie myne nie. Jesus het in Joh 8:44 vir die godsdiensleiers van sy tyd gesê, dat omdat hulle skynheilig en innerlik vol haat en afguns was, die duiwel hulle vader is. Dis ‘n verkeerde aanname om te dink dat elkeen wat as mens gebore word, vanselfsprekend ook ‘n kind van God is.

Die Bybel leer dat ons natuurliker wys, kinders is van die duisternis. (Ef.5:8)

Ons moet verstaan wat die Bybel oor sonde leer. Sonde is werk wat vir die duiwel gedoen word. Sonde is nie cool, pret of vervullend nie. Dit breek alles af wat tot lewe en vreugde lei en loop uit op die ewige dood. Dit bevorder die ryk van die Bose en vernietig mense se lewens reeds hier en nou!

Die laaste deel van vers 6 sê: *iemand wat aanhou sondig, het Christus nie gesien nie en ken Hom nie.* Vers 8 lees*: wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig.* En ons lees in vers 10: *Hieraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.*

Die deel in die Skrif leer dat hulle wat ‘n sondige lewenstyl gekies het, wat gekies het om sonder God en sonder Christus te leef, wat die wil, wet en begeerte van God ignoreer, dit sekerlik as duidelike aanduiding moet sien, dat die Gees van Christus nie in jou is nie en dat Hy nie jou Verlosser is nie. Dit gaan weereens nie daaroor om ‘n saak uit te maak dat ons perfek kan wees nie, want ons sal altyd uit

swakheid in sonde val, solank ons op aarde is. (1 Joh 1;18.). Johannes praat van ‘n lewenswyse wat weier om met God rekening te hou of aan Hom erkenning te gee. Wie aanhou sondig, sonder berou of die gewilligheid om te verander, is nie ‘n Christen nie – maar kan selfs ‘n kind van Satan genoem word.

> *Satan was nog altyd die Verleier en Leuenaar. Hy wil ons laat glo dat sonde nie regtig saak maak nie en selfs vir ons voordelig kan wees en dat daar geen gevolge sal wees as ons aan God ongehoorsaam is nie. Dié leuen vertel hy aan die mens van die begin af. Maar sonde is duiwelswerk, vervreem ons van God en bring oordeel oor ons lewe en beroof ons van God en ons ewige bestemming.*

As ons dus kan sê, saam met Johannes, dat ons nou reeds kinders van God is, het ‘n radikale transformasie reeds in ons lewens plaasgevind. Groot klem word op die woordjies “nou reeds” geplaas. Die dramatiese, bonatuurlike, wonderlike verandering bestaan reeds. Ons is nie meer kinders van die duiwel nie, maar kinders van God. Ons hart klop reeds waar God se hart klop, ons wil is waar sy wil is en ons soek na sy Koninkryk met opofferende liefde, soos Jesus alles opgeoffer het, sodat die koninkryk van die Here mag kom. Ons het reeds die lewe ontvang uit die hand van die Here – die opstandingslewe van Christus.

Maar, dis ook ‘n veranderingswerk wat steeds voortgaan om te gebeur. God is nie klaar met ons nie. Die veranderinge is by verre nog nie verby nie. Elke dag oortuig die Heilige Gees ons opnuut van dit wat nog verkeerd is in ons lewe en dit wat nog ooreenkomstig die wil van die Here verander moet word in ons hart, ons doen en late, ons huise, besighede en kultuur.

Die daaglikse verandering en vernuwing sal voortgaan, totdat Jesus weer kom, om die finale verandering tot stand te laat kom. Dan, sal ons volmaak wees, vir ewig!

ONS GAAN VERANDER WORD, OP DIE DAG VAN DIE HERE!
Terwyl ons bly en dankbaar is, dat ons reeds verander het, is daar ook ‘n parallelle waarheid, dat die grootste verandering, die mees dramatiese een, nog moet gebeur. Die proses van verlossing sal voltooi word wanneer Jesus terugkeer na die aarde toe. Dan sal ons almal so verander word dat ons in sy heerlikheid sal deel. Ons sal ‘n ewige, geestelike liggaam ontvang en vir altyd in vreugde en heiligheid by die Here bly.

Ons teks leer ons dat daar ‘n paar dinge is waarvan ons 100% seker kan wees.

Ons kan seker wees daarvan dat Jesus weer terugkom na die aarde toe. Die teks sê, “wanneer” Hy weer kom, en nie “as” Hy weer kom nie. Hyself het dit vir ons beloof, toe Hy na die hemel toe opgevaar het. Hy het gesê Hy gaan om vir ons plek te berei en dat Hy dan weer sal kom, om ons te kom haal, sodat ons ook kan wees waar Hy is.

Ons kan verder seker wees, dat as Hy weer kom, sal ons Hom sien soos Hy werklik is. Ons kennis van Hom en verhouding met Hom sal volledig, volmaak en goed wees en dit sal vir altyd so wees.

Ons kan seker wees, dat wanneer ons Hom so volmaak ken, dat ons deur hierdie volkome verhouding met Hom, verander sal word sodat ons soos Hy sal wees. Nee, ons sal nie God wees nie, maar ons sal soos die volmaakte, opgestane Jesus van Nasaret, vir altyd lewe met blydskap, heerlikheid en heiligheid!

Appél:
Nou is dit die tyd van hoop. Nou is die tyd van afwagting van alles wat God in en vir ons wil doen. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself om rein te wees soos Jesus is. Wie na die volmaakte in die hemel verlang, soek na die dinge daarbo, waar Christus is. Hulle gedagtes, denke, planne, hoop, geloof en liefde kom nou reeds van die hemel af en weerspieël die hemelse lig in ‘n donker en verloregaande wêreld. Ons wat dié hoop het, leef ‘n lewe ter voorbereiding van die ewige hoop, die ewige lewe.

Wat van jou? Het jy al volledig oorgegee aan ons Here? As Hy vandag terug sou kom om jou te kom haal, sal jy gereed wees?

Dit is die Woord van die Here.

In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.
Amen.

Enige gedagtes oor hierdie preekskets kan met Andries Combrink gedeel word by info@cpk.co.za